Hoofstuk 20

Nicolaas Janse van Rensburg (d6)

(c.1763 - 1831)

Oriëntasie

Nicolaas is omstreeks 1763 gebore en was nagenoeg 70 jaar oud toe hy oorlede is. Hy was 'n boer in die omgewing van Albertinia.

Toe Nicolaas nagenoeg 25 jaar oud was trou hy met die 19-jarige Maria Botha. Sy is omstreeks 1768 gebore en word bykans 70 jaar oud voordat sy oorlede is in 1838.

Nicolaas en Maria het elf kinders gehad waarvan twee jonk oorlede is.

Genealogiese gegewens

b1c2d6 JANSE VAN RENSBURG, Nicolaas: *c. 1763; ≈Stellenbosch 12.6.1763[1]; † c. 1833[2].

x Kaapstad 27.1.1788 (SAG gee 17.1.1788): **GROBLER, Maria (Magdalena)**: *Swellendam Dist.[3] c.11.1768[4]; ≈Plek 7.4.1738; †Swellendam Dist., Weltevreden aan die Valsrivier 9.10.1838[5]. Dogter van Petrus Grobbelaar en Maryna Susanna Human.

Jeug

Nicolaas is omstreeks 1763 gebore en is te Stellenbosch gedoop op 12 Junie 1763.



Doopinskrywing Nicolaas Stellenbosch 12.6.1763 TAB FK 2175

Indien die gegewens van Nicolaas se vader, Jacobus, nagegaan word het Nicolaas sy eerste jare op Melkhoutfontein naby die mond van die Gouritsrivier, deurgebring. Toe Nicolaas 13 jaar oud is, verhuis die gesin in1776 na die plaas Weltevreden aan die Valsrivier, waar hy blykbaar die res van sy lewe gewoon het. (Raadpleeg kaart hieronder oor die ligging van die twee plase.)

Op 27 Januarie 1788 trou die 25-jarige Nicolaas in Kaapstad met die 20-jarige Maria Grobler of Grobbelaar.

© R J du Preez

Opdatering	19.9.2017	Vordering	25	50	75	95

Huweliksinskrywing van Nicolaas en Maria

Daar word ook vir Maria 'n tweede naam, nl. Magdalena, in enkele gevalle aangedui. Die oorwig van gegewens in dokumente dui egter daarop dat die enigste naam Maria was. Die twee verwysings na die van as Grobbelaar en Grobler is afwisselend gebruik, maar ook in hierdie geval dui die dokumente daarop dat Grobler oorwegend gebruik is.

Maria se naam:
Doop:
Belydenis:
Huwelik:
SK Net Maria Grobler[6]
Testament 18.6.1832. Net Maria Grobler[7]
Testament 3.12.1833 Net Maria Grobler Ook geteken as Maria Grobler[8].
Inventaris. Net Maria Grobler[9].
Petisie. M J van Rensburg geteken. Geboren groplaer[10]. (1833) CO 3966 Verw. 31.
Dogter Maria Catharina Susanna getroud met Nicolaas Jacobus Oosthuizen. In haar SK 6/9/163 Verw. 5460 word haar ma Maria Catharina genoem.

Doopinskrywing van Maria Grobler

Maria was die dogter van Petrus Grobbelaar en Maryna Susanna Human. Petrus Grobler of Grobbelaar was die vyfde kind van die stamvader Johan Grobler/Grobbelaar en sy vrou Geertruyd Knoesen. Johan was afkomstig van Tangermünde in Noord-Duitsland en word in 1707 ingeskeep vir sy reis as soldaat na die Kaap[11]. Hy kom in 1708 in die Kaap aan en word in 1715 'n vryburger.

Maria se ma, Maryna Susanna Human, was die agste en jongste kind van die stamvader Johann Human[12]. Johann was afkomstig van Solingen in Noord-Duitsland. Hy was 'n soldaat en 'n leenkneg van die Goeweneur Willem Adriaan van der Stel. Johann was getroud met die vrygestelde slavin Elizabeth Vion, wat die dogter was van "Lijsbeth van Malagasij" en moontlik Dirk Vion[13].

Woonplekke

Nicolaas het as 13-jarige kind saam met sy ouers na Weltevrede in die omgewing van die huidige Albertinia, soos op die kaart hieronder aangedui, getrek en het vir die res van sy lewe op die plaas gewoon. Op die kaart hieronder kan gesien word hoe 'n hele aantal van die Van Rensburggeslagte in dieselfde omgewing bly woon het, terwyl ander mense weer al hoe meer na die ooste getrek het.

© R J du Preez

Eiendom

Benaderde ligging van plase van Nicolaas Janse van Rensburg en sy voorouers en kind

Die kaart hierlangsaan illustreer hoe sommige van die Janse van Rensburgs wat in hierdie boek behandel word, hulle in die omgewing van Albertinia gevestig het:

- Johannes (c.1709 – c.1775):
  Twee Kuylen
  Aan Valsrivier
- Jacobus (c.1733 – 1803:
  Melkhoutfontein
  Ystervarkfontein
  Weltevrede
- Nicolaas (c.1763 – 1831):
  Weltevrede
  Modderfontein
- Jacobus Hendrikus (1788 – 1849):
  Drie Kuylen
  Hectorskraal

Opgaafrolle ten opsigte van Nicolaas Janse van Rensburg

Jaar	1805*	1807	1808	1821	1827
Distrik	Swd[14]	Swd[15]	Swd[16]	Swd[17]	Swd[18]
Mans	?	1	1	1	1
Vroue	?	1	1	1	1
Seuns	?	4	5	2	1
Dogters	?	3	3	2	1
Slawe	9	9	11	17	?
Perde	4	6	6	9	9
Beeste	160	119	100	56	44
Skape	365	500	520	317	280
Bokke				71	70
Varke	2	8		6	
Wen mud Koring		25	50		
Wen Mud Gars			16		
Waens	1		1		
Plaas		$	$	$	

Notas:
Swd = Swellendam
* = Van die gegewens is onduidelik en kon nie nagegaan word nie.
$ = Weltevrede aan die Valsrivier. Leningsplaas. Geskik vir veeteelt.

Toe sy pa in 1803 oorlede is, gaan Nicolaas voort met die boerdery op **Weltevrede 300**[19] in die Wyk Valsrivier van die Distrik Riversdal. Nicolaas het ook op die plaas **Modderfontein**[20] in die Wyk Fonteinevallei, Distrik Riversdal, geboer.

Die gegewens uit enkele opgaafrolle word hieronder weergegee. Daarvolgens het Nicolaas 'n gemiddelde boerdery gehad.

Kerk en gemeenskap

Terwyl Nicolaas-hulle aanvanklik by die gemeente Tulbagh (Waveren) ingedeel was, is daar in 1798 'n gemeente te Swellendam gestig

Huwelik en gesin

Nicolaas en Maria was bykans 45 jaar getroud en het elf kinders gehad, waarvan een vroeg en een op die jeugdige ouderdom van 21 jaar oorlede is. Daar was sewe seuns en vier dogters.

© R J du Preez

- Jacobus Hendricus getroud met Hester Magdalena Janse van Rensburg.
- Susanna Jacoba getroud met haar neef Hendrik Christoffel Janse van Rensburg.
- Petrus Johannes getroud met Amerentia Catharina Janse van Rensburg.
- Nicolaas Benjamin getroud met Alberta Janse van Rensburg en daarna Anna Margaretha Janse van Rensburg.
- Maria Catharina Susanna getroud met Nicolaas Jacobus Oosthuizen.
- Margaretha Isabella wat moontlik vroeg oorlede is.
- Theunis Marthinus, wat op 21-jarige ouderdom oorlede is.
- Anna Margaretha getroud met Jacob Johannes Sauerman en daarna met Michiel Arnoldus Muller.
- Barend Daniel getroud met Jacoba Elizabeth de Jager.
- Philippus Rudolph wat agtereenvolgens getrous was met Maria Magdalena Janse van Rensburg, Anna Margaretha Sophia Oosthuizen, Elizabeth Anna Zietsman en Anna Margaretha Sophia Oosthuisen.
- Elisabeth Geertruyda getroud met Johannes Frederik Janse van Rensburg.

Die kinders het hulle hoofsaaklik in die omgewing van Albertinia gevestig en daar geboer. Barend Daniel het hom egter op Moolmanshoek in die Winburg en later Kroonstad Distrik, gevestig[21].

Laaste lewensjare

Op 18 Junie 1832 maak Nicolaas en Maria 'n testament en onderteken dit op die plaas Weltevrede, Wyk Valsrivier, Distrik Swellendam[22]. Hulle benoem mekaar en die kinders as erfgename sodat die langslewende van die eerststerwende erf. Die langslewende bly in besit van die bates totdat die kinders mondig is en dan erf hulle hul porsies. Indien die langslewende egter 'n tweede huwelik aangaan, moet die goedere in die boedel per veiling verkoop word en die kinders hulle erfporsies ontvang. Die testament is op 19 Augustus 1833 by die Weesheer ingedien.

In die Suid-Afrikaanse Geslagsregisters word Nicolaas se sterfdatum te Swellendam aangedui as 20 Mei 1831[23]. Daar is in die destydse sterfterekords[24] aangedui dat 'n Nicolaas van Rensburg oorlede is op 20 Mei 1831, maar daar is nie nadere besonderhede om te bepaal of dit die Nicolaas is waaroor dit in hierdie hoofstuk gaan nie. Hierdie Nicolaas het egter op 18 Junie 1832 die bogemelde testament onderteken en dit kon dus nie hy gewees het wat in 1831 oorlede is nie.

Nicolaas moes dus tussen 18 Junie 1832 (testament onderteken) en 19 Augustus 1833 (testament ingedien) gesterf het. As die beraamde sterfdatum word c. 1833 geneem.

Op 3 Desember 1833 maak Maria 'n testament wat sy onderteken (eksemplaar hiernaas) te Soetmelksrivier in die Distrik Swellendam. Sy bemaak al haar roerende en onroerende goed in gelyke dele aan haar nege oorlewende kinders.



Maria Grobler, weduw(ee) van N(icolaas) J(anse) van Rensburg.

Volgens die sterfkennisgewing[25] is Maria op 9 Oktober 1838 aan huis van haar dogter Anna Margaretha en skoonseun Jacob Johannes Sauerman op die plaas Weltevreden[26], aan die Valsrivier.

Teen Maria se afsterwe het die kinders natuurlik al lankal hulle erfporsies ontvang en is daar, volgens die inventaris[27] in haar boedel, maar baie min besittings gewees:

- 'n Bed, kussings, 4 lakens en 'n kombers.
- Drie kiste en drie bliktrommels.
- 'n Bybel.
- Teetafel.
- 'n Watervaatjie, 3 kommetjies, 2 erdepotte, 2 kannetjies, 'n teepot en 'n ketel.
- "de Apprentice" Mei en "de Apprentice" Sara. (Dit was in die proses van die vrystelling van slawe in 1838.)

[1] TAB FK 2173.
[2] Verwys na beredenering onder die item Laaste Lewensjare in hierdie hoofstuk.
[3] KAB MOOC 6/9/13. Verw. 2973.
[4] KAB MOOC 6/9/13. Verw. 2973. In haar sterfkennis word aangedui dat sy by afsterwe op 9.10.1838 69 jaar en 11 mde oud was. Daarvolgens bereken, moes sy in November 1768 gebore gewees het.
[5] KAB MOOC 6/9/13. Verw. 2973.
[6] KAB MOOC 6/9/13. Verw. 2973.
[7] KAB MOOC 7/1/120. Verw. 123.
[8] KAB MOOC 7/1/147. Verw. 101.
[9] KAB MOOC 7/1/147. Verw. 101.
[10] KAB CO 3966. Verw. 31.
[11] http://www.stamouers.com/stamouers
[12] http://www.stamouers.com/stamouers
[13] Robertson, Delia A. Compiler. *The First Fifty Years Project.* Geraadpleeg 2010, 2011 en 2012. Webwerf http://www.e-family.co.za/ffy
[14] KAB J 318.
[15] KAB J 321.
[16] KAB J 322.
[17] KAB J 339.
[18] KAB J 354.
[19] Madmappers: Kaart 3421BA. 34°07'40.47"S 21°31'28.29"O. *Mapset: South Africa – AfricaTopo GPS topographic map series.* DVDs 1 en 2. Versprei deur Madmappers.
[20] Madmappers: Kaart 3421BA. 34°14'39.95"S 21°24'08.91"O. *Mapset: South Africa – AfricaTopo GPS topographic map series.*
[21] VAB MHG R115.
[22] KAB MOOC 7/1/120. Verw. 123.
[23] SAG 9. Bl. 274.
[24] KAB MOOC 6/3. Vol. 4.
[25] KAB MOOC 6/9/13. Verw. 2973.
[26] KAB MOOC 7/1/147. Verw. 101.
[27] KAB MOOC 7/1/147. Verw. 101.

© R J du Preez